Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

**PUNTE-TOTAAL**

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2023

# AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL: VRAESTEL II

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur | 100 punte

---

**SLEGS VIR EKSAMENGEBRUIK: NASIENER MOET PUNTE INVUL**

| | V1 | V2 | V3 | V4 | V5 | V6 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Punt** | | | | | | | |
| **Nasiener: voorletters** | | | | | | | |
| **Gemodereerde punt** | | | | | | | |
| **Moderator: voorletters** | | | | | | | |
| **Vraagtotaal** | **35** | **35** | **35** | **35** | **35** | **30** | |
| **Hermerk** | | | | | | | |
| **Voorletters** | | | | | | | |
| **Kode** | | | | | | | |

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar DRIE afdelings:

   - Afdeling A: Drama
   - Afdeling B: Prosa
   - Afdeling C: Filmstudie

3. In Afdeling A is daar een dramavraag (Vraag 1) wat jy moet beantwoord.

4. In Afdeling B is daar vier prosavrae (Vraag 2, 3, 4 en 5) waarvan jy slegs een moet beantwoord.

5. In Afdeling C is daar een filmstudievraag (Vraag 6) wat jy moet beantwoord.

6. Alle vrae moet op die lyntjies wat in die vraestel voorsien is, beantwoord word. Let wel: Moenie enige vraag in 'n Antwoordboek beantwoord nie.

IEB Copyright © 2023

7. Lees die instruksies by elke vraag noukeurig deur sodat jy presies weet wat van jou verwag word.

8. Let op die puntetoekenning van die verskillende vrae en beplan jou tyd daarvolgens.

9. Skryf netjies en duidelik leesbaar.

10. Skenk aandag aan taalversorging.

11. Drie blanko bladsye (bladsy 22–24) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

IEB Copyright © 2023

## AFDELING A DRAMA

**Belangrike instruksies vir die dramavraag:**

- Hierdie vraag is verpligtend.
- Jou respons moet in die vorm van 'n formele, gestruktureerde literêre opstel wees.
- 'n Gepaste titel help om die opdragfokus in visier te kry en te behou.
- Jou inleiding moet reeds duidelik aantoon wat die invalshoek/standpunt van jou opstel is. Verskaf ook rigting deur kortliks jou hoofpunte/argumente te noem.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met tersaaklike verwysings na en/of aanhalings uit die drama wat jy geïntegreerd moet aanbied én bespreek.
- In jou gevolgtrekking moet jy na jou standpunt terugverwys.
- Behou enduit die opdragfokus en moenie in storievertelling verval nie.
- Bring die woordtal (ongeveer **600 woorde**) onder jou opstel aan.
- 'n Nasienrubriek sal vir die assessering van jou literêre opstel gebruik word.
- Deeglike beplanning is uiters belangrik – gebruik die spasie wat hiervoor verskaf is.

## VRAAG 1 *DIE DAG IS BROS* (Wessel Pretorius)

**Verpligte vraag**

Bestudeer die onderstaande foto wat – vir die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) se bemarking van die drama se 2016-opvoering – vooraf opgestel en geneem is en voer dan die opdrag (op die volgende bladsy) uit.




[De Swardt, J.C. 2016. KKNK – 'n Stryd vir oorlewing. *De Kat*: 36. Mei/Junie.]

**OPDRAG:**

Analiseer of die **plasing/posisie** van elke karakter op die foto 'n akkurate weerspieëling van die dramateks *Die dag is bros* is. Gee veral aandag aan die **verhoudings** tussen karakters en elkeen se **rol**, asook drama**gebeure** en/of die **plot** van die drama.

In jou gevolgtrekking moet jy evalueer of die foto – in geheel gesien – die kern van die drama vasvang, al dan nie.

**[35]**

**Beplanning vir Vraag 1:**

IEB Copyright © 2023

**Vraag 1:**

IEB Copyright © 2023

**35 punte**

IEB Copyright © 2023

## AFDELING B PROSA

**Belangrike instruksies vir die prosavraag:**

- Twee vrae word oor elk van die twee voorgeskrewe romans gestel waarvan jy **slegs een** vraag oor die roman wat by jou skool voorgeskryf is, moet beantwoord:
  Óf Vraag 2 óf Vraag 3 (oor *Die Verevrou* – Jan van Tonder)
  Óf Vraag 4 óf Vraag 5 (oor *Die dag van die Lord* – Johan Kruger)
- Jou respons moet in die vorm van 'n formele, gestruktureerde literêre opstel wees.
- 'n Gepaste titel help om die opdragfokus in visier te kry en te behou.
- Jou inleiding moet reeds duidelik aantoon wat die invalshoek/standpunt van jou opstel is. Verskaf ook rigting deur kortliks jou hoofpunte/argumente te noem.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met tersaaklike verwysings na en/of aanhalings uit die roman wat jy geïntegreerd moet aanbied én bespreek.
- In jou gevolgtrekking moet jy na jou standpunt terugverwys.
- Behou enduit die opdragfokus en moenie in storievertelling verval nie.
- Bring die woordtal (ongeveer **600 woorde**) onder jou opstel aan.
- 'n Nasienrubriek sal vir die assessering van jou literêre opstel gebruik word.
- Deeglike beplanning is uiters belangrik – gebruik die spasie wat hiervoor verskaf is.

### VRAAG 2 ***DIE VEREVROU*** (Jan van Tonder)

In *Die Verevrou* kom twee uiteenlopende wêrelde en komplekse verhaallyne op 'n dramatiese manier in **1992** bymekaar waar die twee vroulike hoofkarakters, Liora en Candice, mekaar in die **Klein-Karoo (Suid-Afrika)** teëkom.

**OPDRAG:**

Fokus op een van die hoofkarakters en beredeneer **die onlosmaaklike impak van die milieu** (ruimte én tyd) voor 1992 asook ná hierdie dramatiese moment **op dié karakter se ontwikkeling**.

Jy gaan noodwendig ander karakters as deel van jou gekose karakter se omgewingsruimte in jou beredenering kan insluit, maar dui die karakter op wie se ontwikkeling jy fokus, duidelik in jou inleiding aan.

Sluit jou beredenering met 'n samevatting af én betrek **die slotgebeure van die verhaal** in jou gevolgtrekking oor jou gekose karakter se ontwikkeling.

**[35]**

IEB Copyright © 2023

**OF**

## VRAAG 3 ***DIE VEREVROU*** (Jan van Tonder)

Bestudeer die onderstaande inligting en reageer dan op die opdrag wat daarop volg:

Wanneer 'n keuse vir 'n voorgeskrewe werk vir adolessente lesers, meer spesifiek vir Graad 12 Afrikaans Huistaal-leerders, uitgeoefen word, moet onder andere die volgende norme/riglyne krities oorweeg word:

- Aangesien die adolessente leser op soek is na identiteit, wil hy of sy graag **met die karakter en gebeure in die boek kan identifiseer**. Indien die hoofkarakter 'n **buitestandersfiguur** is, behoort hy nog steeds te besef dat hy deel van die groter gemeenskap vorm en só menslikheid deel.
- Die **gebeure en karakters** is vir adolessente lesers **die prominentste verhaalaspekte** en 'n skoolvoorgeskrewe werk behoort daarom grootliks op hierdie twee verhaalaspekte te fokus.
- Die voorgeskrewe werk moet **voldoende verhaalaspekte bevat wat leerders moet kan hanteer**, naamlik karakterisering, rol van die verteller of perspektief, tema en boodskap, ruimte/milieu en die invloed daarvan op die karakter en tema, dramatiese struktuur: intrige en subintrige, stemming en toon, verband tussen dialoog/monoloog en handeling, dramatiese ironie, tydsverloop, asook innerlike en uiterlike konflik.
- Aangesien die morele waardes van die hoofkarakter en die adolessente leser nog nie ten volle vasgelê is nie, behoort **die slot** van 'n skoolvoorgeskrewe werk **nie uitsigloos te eindig nie**.
- Aangesien die hedendaagse adolessente leser visueel ingestel is, is **die titel** en die **buitebladontwerp** belangrike aspekte waaraan aandag geskenk moet word in die keuse van 'n skoolvoorgeskrewe werk.
- **Voorkeuronderwerpe** vir voorgeskrewe werke blyk steeds liefde, avontuur, sport, verhoudings met maats en diere te wees, maar dit is wenslik dat die tydsgees van die samelewing daarin verbeeld word, **met ander woorde die inhoud moet aktueel wees en hoef verkieslik nie van omstrede en realistiese onderwerpe af te wyk nie**. Onderwerpe soos skoolskietery, homoseksualiteit, sosiale media, seksuele misbruik, dwelm- en alkoholmisbruik, selfdood, woedebeheer en getraumatiseerde gesinne kan sonder skroom in skoolvoorgeskrewe werke aangeraak word.

[Vos, E. 2017. LitNet Akademies Jaargang 14, Nommer 1. Bron: <www.litnet.co.za>]

**OPDRAG:**

Evalueer of *Die Verevrou* aan die norme vir 'n geslaagde voorgeskrewe werk vir Graad 12 Afrikaans Huistaal-leerders voldoen, al dan nie.

Betrek **enige drie van die norme/riglyne uit die lys hierbo** deur jou eie argumente daaruit te formuleer en deeglik te ondersteun met voldoende verwysings na en/of aanhalings uit die teks.

In jou gevolgtrekking moet jy aantoon of *Die Verevrou* die leesmotivering van graad 12's aanwakker.

**[35]**

IEB Copyright © 2023

**OF**

## VRAAG 4 *DIE DAG VAN DIE LORD* (Johan Kruger)

Lees die onderstaande aanhalings noukeurig en voer die opdrag wat daarop volg, uit:

> *"Is ek Andries of is ek Andrew, jou slimgat?"*
> (Oktober 1914, Londen)
>
> "Hy is nie meer dieselfde Andries nie."
> (November 1915, Londen)

[Kruger, J. 2015. *Die Dag van die Lord*. Kaapstad: Random House Struik. Bl. 164 en 235]

**OPDRAG:**

Beredeneer **die onlosmaaklike impak van milieu** (ruimte én tyd) **op die hoofkarakter**, Andries Fourie, **se ontwikkeling** deur:

- Andries se verhaal**verlede**,
- asook sy verhaal**hede** (waar hy as Andrew bekendstaan) breedvoerig te betrek.

Sluit jou beredenering met 'n duidelike gevolgtrekking oor Andries se karaktergroei af. Die insig waartoe hy teen die einde van die verhaal kom – soos wat dit uit sy 1943-brief (onder die naam Piet Naciud) blyk – sal jou slotsom verryk.

**[35]**

**OF**

## VRAAG 5 *DIE DAG VAN DIE LORD* (Johan Kruger)

> "En moenie dink dat jy die gang van die liefde kan bestuur nie; want liefde, as dit jou waardig ag, rig jou lewensgang."
>
> –Kahlil Gibran

[Kibran, G. 1995. *Die Profeet*. Pretoria: J. L.van Schaik Uitgewers.]

Beredeneer in watter mate die bogenoemde aanhaling waar is vir die hoofkarakter, Andries Fourie – hy wat op 'n berekende wraaktog is, maar dan **ironies** genoeg juis vir Jennifer Cameron liefkry.

Oorweeg van die volgende hoofpunte om tot argumente (ongeveer vier) in jou beredenering te ontwikkel:

- Jennifer se Skotse herkoms en perspektiefverskil op die Anglo-Boereoorlog;
- die problematiese tydsberekening ten opsigte van 'n liefdesverhouding;
- die spanning van geheimhouding wat op meer as een vlak in Andries opbou;
- Jennifer se pa, kolonel Adam Cameron;
- die paartjie se toekomsvooruitsigte nadat Andries 'n voortvlugtige word.

Sluit jou beredenering met 'n samevatting af én betrek **die slotgebeure van die verhaal** in jou gevolgtrekking.

**[35]**

IEB Copyright © 2023 

[Omkring jou vraagkeuse.]

**Beplanning vir Vraag 2 / 3 / 4 / 5:**

IEB Copyright © 2023

[Omkring jou vraagkeuse.]

**Vraag 2 / 3 / 4 / 5:**

IEB Copyright © 2023

IEB Copyright © 2023

IEB Copyright © 2023

**35 punte**

IEB Copyright © 2023

## AFDELING C FILMSTUDIE

**Belangrike instruksies vir die filmvraag:**

- Hierdie vraag is verpligtend.
- Die vraag bestaan uit 'n aanhaling en 'n stelling oor films waarop jy in 'n **mini-essay** moet reageer.
- Hierdie mini-essay vereis 'n betogende styl.
- 'n Gepaste titel help om die opdragfokus in visier te kry en te behou.
- Jou inleiding moet duidelik aantoon watter eie keuse film ter sprake is en jy moet jou standpunt aandui – m.a.w. duidelik saamstem of verskil met die stelling. Verskaf ook rigting deur kortliks jou hoofpunte/argumente te noem.
- Orden jou ondersteunende paragrawe logies en ondersteun jou stellings deurgaans op geïntegreerde wyse met tersaaklike verwysings na en/of voorbeelde uit die film.
- Jou gevolgtrekking moet terugverwys na jou standpunt en 'n duidelike slotsom gee.
- Bring die woordtal (ongeveer **450 woorde**) onder jou mini-essay aan.
- 'n Nasienrubriek sal vir die assessering van jou mini-essay gebruik word.
- Deeglike beplanning is uiters belangrik – gebruik die spasie wat hiervoor verskaf is.

## VRAAG 6 FILM VAN EIE KEUSE

"Ons het slegs twee uur om mense se lewens te verander."
–John Cassavetes, 'n Amerikaanse filmvervaardiger–
[<www.azquotes.com>]

Afgesien van die vermaakwaarde wat films het, kan 'n film ook **kwessies** (probleme) in 'n samelewing of individue belig sodat die kyker beter begrip en insig daarin kan verkry. Daarom kan films 'n invloedryke rol ten opsigte van **verandering** speel.

**OPDRAG:**

Betoog of die **tema** van die film (wat jy in jou Afrikaans-klas ontleed het) geslaagd/effektief aan die kyker oorgedra word om sodoende moontlike **verandering** teweeg te bring.

Betrek enige TWEE tot DRIE van die onderstaande aspekte (wat gewoonlik 'n filmtema aandryf) krities in jou betoog:

- filmtegnieke soos kameraskote, kamerahoeke, spel met lig/donker/kleur;
- die klankbaan/musiek, byklanke en selfs stiltes;
- rekwisiete, kostuums en dekor
- karakters, handeling en dialoog
- ruimte
- plot
- motiewe

In jou inleiding moet jy duidelik aantoon watter film ter sprake is, die hooftema van die film verwoord, standpunt inneem teenoor die opdrag en jou argumente kortliks deurgee.

**Onthou om jou argumente te ondersteun met voldoende, gepaste verwysings/ voorbeelde uit die film.**

Ten slotte moet jy aandui op watter manier die film *jou denkwyse* verander het, al dan nie.

**[30]**

IEB Copyright © 2023 

**Beplanning vir Vraag 6:**

IEB Copyright © 2023

**Vraag 6:**

IEB Copyright © 2023

IEB Copyright © 2023

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

**BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)**

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2023

IEB Copyright © 2023